Ek kyk op na die berge waar sal my hulp vandaan kom my hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het wat trou bly tot in ewigheid en nooit sal laat vaar die werke wat sy hande oor ons begin het nie

Gemeente genade en vrede vir u van God ons Vader van Jesus Christus die Here deur die kragvolle werking van die HG

Lofsang Ges 163

Wet Ges 231:2 Sonder aankondinging Ges 247

Belydenis Ges 601:1,5

Skriflesing : Haggai 1:1-15

Tot sover die skriflesing : Gelukkig is elkeen wat die woord van die Here hoor dit glo en ook sy lewe daarvolgens rig.

Gebed

Sang Ges 509:1,2

Preek.

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, hoe voel u oor u verhouding met God. Miskien klink dit na 'n vreemde vraag en daar is dan 'n katkisasieboek antwoord daarop. Maar kom ons vergeet vir 'n oomblik van al die regte antwoorde wat ons kan gee.

Hoe voel ek oor my verhouding met God. Is daar in my lewe sprake van 'n lewende ontmoeting met God. Dink ek aan God wanneer ek besluite neem. Wat weeg die swaarste by my as ek belangrike besluite moet neem. Kan u hoor die oomblik wat ons die vraag vanuit hierdie hoek vra dan kom ons agter ----baie keer is ons vasgevang in 'n klompie formele handelinge en dit word dan die TOTALE besigwees met God.

Haggai skryf aan die volk in baie moeilike omstandighede. Daar was 'n algemene moedeloosheid by die mense. Op Godsdienstige vlak was daar 'n totale insinking. Die ballinge was terug maar die stad was 'n puinhoop. Die ekonomiese omstandighede was nie eintlik veel beter nie. Die mense het nie genoeg gehad om van te lewe nie.

En nou kom die oproep van Haggai dat die volk die tempel van die Here moet herbou. Dit sou beteken dat hulle fisies arbeid en geld en al die dinge wat nodig is sou moes gee terwyl hulleself nie eers genoeg het om van te lewe nie.

Daarom het mens ook in die wandelgange die volk se opmerkings gehoor --- Daar is nie nou geld of dit is nie nou die regte tyd om die tempel te herbou nie.

Maar geliefdes as Haggai van die herbou van die tempel. praat moet ons dit binne die kultiese tydfase sien.

Die tempel was die teken van die sigbare teenwoordigheid van God
Of kom ons se dit anders - Die murasies van dit wat die tempel was , was die sigbare teken van God se afwesigheid. Die moedeloosheid en die religieuse insinking was net die vrugte van 'n verhouding wat omtrent dood was.

Nou is Haggai se woorde tweerlei van aard. Aan die een kant is dit profeties - dit beteken daar is voorspellings oor die toekoms , daar is beloftes gebasseer op 'n verandering van die volk se gesindheid.

Maar aan die ander kant is die ook homoleties--- Dit is maar net 'n woord om te se Haggai probeer die volk leer wat is werklik belangrik

Haggai se aan die volk - Julle bly in huise maar daar is nie 'n woonplek vir die Almagtige nie.
Die herbou van die tempel gaan daaroor dat God weer die plek in die volk se lewe moet inneem wat Hy veronderstel is om in te neem.

Die volk moet aan God die ereplek in hulle lewens gee. God moet weer 'n werklikheid in hulle lewens word. Die herbou van die tempel is

En dan sny Haggaie tot op die been van die volk. HOOP , SEKERHEID le nie in 'n groot oes of in ekonomiese voorspoed nie. Hoop kan alleen by God begin.

En dan gooi die profeet hulle hele geskiedenis so voor hulle uit. Julle het baie gesaai maar min geoes .
Julle het geeet maar nie genoeg gekry nie. Julle het gedrink maar dors gebly. Julle het klere aangetrek maar nie warm geword nie

Julle is soos 'n dagloner wat sy loon in 'n stukkende beursie sit.

As julle op die verkeerde plek begin is alles fataal. Daar is net een plek van hoop. Hoop begin met 'n verhouding met God. Nie 'n halwe of 'n formele verhouding nie. Hoop begin met 'n totale afhanklikheid van God.

Soos die herbou van die tempel 'n sigbare teken was van God se teenwoordigheid. Soos die opbou van die tempel wys dat die volk by God begin

So moet ons HOOP lyk. Nie gebou op die ekonomie of die wereldmarkte of op ons persoonlike vermoeens nie maar in die eerste plek gebou op ons verhouding met God.

Haggaie gebruik 'n klomp vloekformules van die verbond om juis die gevaar van sonder God vir die volk uit te spel.

Hierdie prediking van Haggai het tot gevolg gehad dat daar 'n besinning en 'n skuldbesef by die volk gekom het. Maar Haggai se - Dit alleen is nie genoeg nie.

Die woorde moet geweeg word in terme van dade. Dit is nie genoeg dat ons net se : God is vir ons belangrik nie. Dit is nie goed genoeg dat ons se ons het 'n verhouding met God nie.

DAAR moet iets bykom. Ons optrede moet juis bevestig dat dit wat ons se nie net lee woorde is nie.
Geliefdes in ons Here Jesus Christus ons het in die begin gevra - hoe dink en voel u oor u verhouding met God.

En dan moet hulle optrede getuig van 'n vernaderde lewe. Weet u die profeet se woorde is miskien eeue gelede vir ander mense gese

Maar dit is net so waar vandag. hoe maklik se ons . God doen alles vir ons , sy Seun het moes vir ons gesterf , God het in verhouding met ons getree, maar van ons kant af is daar soms geen reaksie nie.

nie 'n dankie se of iets dergeliks nie.

Ons moet ons tempel herbou. God moet altyd die middelpunt van ons lewens wees.
Sondebesef, bekeering en 'n daad tot herstel.
Dit se : God is die Here van my lewe .

Amen !!!!!!!1

Gebed

Sang Ges 491:1,4,5

Seengroet

Die genade van ons Here Jesus Christus die liefde van God ons Vader en die gemeenskap van die HG sal by julle almal wees van nou af tot in ewigheid.

Amen !!!!!!!!!!!!